**Algemene jaarvergadering van die Konvokasie van die Universiteit Stellenbosch (US)**

Endlersaal, Konservatorium – 23 November 2017, 19:00

**Verslag deur die rektor en visekanselier, prof Wim de Villiers**

Goeienaand, almal. *Molweni. Good evening.* Dankie vir hierdie geleentheid. ’n Universiteit is meer as ’n kampus vol geboue. Veel belangriker is die oop gesprek tussen mense in die soeke na kennis. En vanaand is nog ’n geleentheid wat ons byeenbring in hierdie universele strewe.

*For Stellenbosch University (SU) specifically, **ENGAGING WITH OUR MULTIPLE STAKEHOLDERS** in a meaningful way is an important goal. And the Convocation is a key constituency for us, consisting – as it does – of all Stellenbosch graduates and full-time academic staff members. So, we welcome this opportunity, and I would like to start off by highlighting some of your University’s successes this year.*

2017 was vir Maties nóg ’n jaar vol hoogtepunte – waarvoor ons graag ons personeellede, studente, alumni, skenkers en vennote bedank. Ek lig ons **TOP-10 PRESTASIES** uit:

(1) Ons het meer studente ingeskryf as ooit vantevore, en ’n rekordgetal kwalifikasies toegeken. *Our total student body has grown to more than 31 000, and in the last full academic year, we awarded 8 348 qualifications, including 1 468 master’s and 278 doctoral degrees. That’s the first of our **TOP 10 ACHIEVEMENTS**.*

*(2)* Beide wat inskrywings en kwalifikasies betref, het ons ons studentekorps se diversiteit verbeter én ’n moduleslaagsyfer van meer as 85% gehandhaaf – een van die hoogstes in die land. *We are broadening access with success …*

*(3) … and Stellenbosch is increasingly receiving recognition on the global stage. We have moved up again in the world university rankings. On the QS Rankings, we are now second in South Africa, and on the Times Higher Education Rankings, we have moved into the 351-400 band, having previously been in the 401-500 band. This comfortably puts us in the top 2% worldwide.*

(4) Die aansien wat ons geniet kan tot ’n groot mate aan ons navorsingsprestasies toegeskryf word. Die aantal US-navorsers wat deur die Nasionale Navorsingstigting gegradeer is, het vanjaar tot 430 gestyg, van wie 12 oor A-graderings beskik en dus as wêreldleiers op hul onderskeie gebiede beskou word.

*Also on other fronts, we are maintaining our momentum of excellence.*

(5) *Stellenbosch University’s third satellite went into orbit around the earth this year – the nano satellite ZA-AeroSat.* Die weg hiervoor is natuurlik gebaan deur Sunsat in 1999 en SumbandilaSat in 2009.

*(6)* Ook op Moeder Aarde het Maties ook ons naam hoog gehou. *Nine members of the Maties Parasport Club participated in the World Para Athletics Championships in London, winning 12 of SA’s 15 medals.*

(7) *And yet again the University Choir retained its No. 1 spot on Interkultur's list of the top thousand international choirs this year.*

Maar wat van die ewe belangrike taak om ’n Universiteit van betekenis te wees, om uitdagings aan te spreek wat mense elke dag in die gesig staar? Ook in dié verband gaan Maties voort om ’n verskil te maak:

*(8) In the drought stricken Western Cape, Smart Water Meters developed in our Faculty of Engineering are being rolled out to a hundred schools, not only helping them save water but also spreading the preservation message far and wide.*

(9) Aan die ander kant van die spektrum het van ons personeellede en studente die afgelope twee jaar al bykans 2 000 rookalarms in lae-inkomstehuise en informele agterplaaswonings in die groter Kaapstadgebied geïnstalleer, wat verwoestende brande kan voorkom en lewens red.

(10)*And last, but not least, our Campus Renewal Project is proceeding apace, with Council having this year allocated additional funds to ensure that our physical facilities are not only maintained but also improved.* Die Van der Sterr-gebou wat twee jaar gelede afgebrand het, is herbou en vanjaar heropen – met ʼn klomp verbeteringe. En bouwerk aan ʼn groot nuwe leer-en-onderrigsentrum met die jongste tegnologie het pas begin – langsaan die Neelsie, gaan kyk gerus. Dis maar ʼn paar van die hoogtepunte wat fisiese fasiliteite betref. *Maties is a leader in the use of information and communications technology in learning and teaching. The rollout of a fast fibre-optic network on our Stellenbosch campus has been completed, and 73% of our classrooms have already been WiFi-enabled for multiple devices per student.*

*It is of vital importance that we keep up with the future. The* ***WORLD OF WORK IS CHANGING*** *… fast … and we don't want to be left behind. There are warning lights for our country as a whole. In terms of economic competitiveness, South Africa is placed 56th out of 144 countries. And In terms of entrepreneurial competitiveness, only 15% of South Africans aim to start their own business, compared to 56% of respondents elsewhere on our continent*

*This is going to become ever more important with the rise of artificial intelligence and robotics. It is estimated that world-wide, between 45 and 75 million jobs will be reassigned to machines by 2025. South Africa's universities have a key role to play to ensure that the country is not left behind in this 4th industrial revolution.*

*We are taking these factors into account in creating the* ***UNIVERSITY OF THE FUTURE****. A lot of effort this year has been devoted to developing a new Vision and institutional strategy for the University – Vision 2040, and a Strategic Framework for the period 2019 to 2024.*

*It is exactly the right time to be doing this. Next year, it will be* ***100 YEARS*** *since Stellenbosch University was formally born out of Victoria College in terms of an Act of Parliament.*

*We are grateful for so many people's hard work and sacrifices over decades that have brought us to this point where Stellenbosch University is a leading higher education institution known for its academic excellence, serving the whole of society, not just a particular section.*

Die beginsel van inklusiwiteit is dan ook die hoeksteen van ons huidige **TAALBELEID**, wat vanjaar in die hof aangevat is. Ons bly verbind tot gesprek met die Konvokasie en alle tersaaklike rolspelers, maar ons kon nie – gegewe die omstandighede waarin die Taalbeleid in die hof aangevat is, waarin die President van die Konvokasie ʼn rol gespeel het, hierdie gesprekke in daardie verband voortgesit het nie. Die aangeleentheid tussen die Universiteit Stellenbosch en die Gelyke Kanse-groepering plus agt ander applikante – waaronder die president van die Konvokasie – is in Augustus in die Wes-Kaapse hooggeregshof aangehoor.

Die applikante het die hof versoek om die goedkeuring van die Taalbeleid van 2016 sowel as die beleid self ter syde te stel, en om die US na ons vorige Taalbeleid van 2014 terug te laat keer.

Die hof het op 25 Oktober uitspraak gelewer, en die wesenlike bevindings was die volgende:

- dat die hoofaansoek van die hand gewys word, met koste;
- dat die US se twee aansoeke vir skrapping toegestaan word, met koste;

- dat die applikante se aansoek om verdere beëdigde verklarings en mondelinge getuienis toe te laat, van die hand gewys word, met koste; en
- dat die US koste moet betaal vir die laat liassering van opponerende stukke.

Sjoe, dis nogal droog en tegnies, hierdie regstaal. Ons het ʼn meer verteerbare uiteensetting gegee in die verklaring wat ons uitgereik het na die uitspraak. Dis op die Universiteit se webblad. www.sun.ac.za – gaan lees dit asseblief self. Skakels na die volledige hofuitspraak van 180 bladsye is ook in ons verklaring.

Hier is ʼn paar uittreksels uit ons verklaring, gegrond op die volledige uitspraak:

- Die hof het bevind ons 2016 Taalbeleid voldoen aan die vereistes van die Grondwet.
- Die hof kon geen gronde vind vir die bewerings dat die bestuur aan die Raad voorgeskryf het om die Taalbeleid te aanvaar nie.
- Wat betref aantygings deur die applikante dat die hersiening van die Taalbeleid in 2016 onder verdenking staan weens die beweerde voorafbepaling van die proses en uitkomste, partydigheid, onbehoorlike beïnvloeding, bedekte beweegredes en versuim om alle inligting in ag te neem, was daar volgens die hof geen bewyse van onvanpaste gedrag nie.
- Daar was ook geen bewyse dat ʼn "radikale minderheid" die inhoud van die Taalbeleid aan die US-bestuur voorgeskryf het, of dat die US voor politieke druk en dreigemente van geweld geswig het nie.

Dames en here, hierdie uitspraak bevestig dat die Universiteit Stellenbosch Afrikaans nié die rug toegekeer het nie. Inteendeel, ons bly juis verbind tot die gebruik van Afrikaans -- tesame met Engels -- as onderrigtale in die konteks van inklusiwiteit en meertaligheid.

Maties word verkeerdelik deur sommiges uitgebeeld as ʼn eentalige plek – nie meer Afrikaans nie maar nou volledig Engels. Dit is doodgewoon nie waar nie. Ek verwys u graag na die Taalbeleid self. Dis ook op ons webblad. Gaan lees asb. self wat daar staan. Engels én Afrikaans word as onderrigtale gebruik – Engels sodat niemand uitgesluit word nie, en Afrikaans omdat daar steeds ʼn groot behoefte en vraag na onderrig in Afrikaans is. Die huidige Taalbeleid maak voorsiening vir drie onderrigtaalmodusse – parallelmedium, dubbelmedium en enkelmedium – en Afrikaans is in al drie aanwesig.

ʼn Weldeurdagte en deeglike proses met geleentheid vir almal om insette te lewer is gevolg om ons hierby uit te bring. Om almal toegang tot kennis aan hier universiteit van die toekoms te gee en niemand uit te sluit nie is die regte ding om te doen.

*There is another factor that can exclude, and that is the* ***COST OF HIGHER EDUCATION****. Student finances have been high on the public agenda the past two years, and earlier this month the report of the Fees Commission was eventually released by the President.*

*I have just returned from a meeting of Universities South Africa (USAf) in Johannesburg, where we met with the new Minister of Higher Education, Hlengiwe Mkhize, and again discussed the report of the Heher Commission.*

*The sector welcomes the reaffirmation of the right of all South Africans to access higher education in the light of the high levels of inequality and poverty in our country. We also think is correct that the Commission places the responsibility on the whole of society to ensure that this right is progressively attained.*

*The Report makes strong recommendations that the TVET College sector should be singled out for substantial investment. We support this.*

*But the Report clearly points towards a crisis in the funding of higher education. This has been ongoing for several years with a decline in real terms in the size of the subsidy for full-time equivalent students. The Commission's recommendation of pegging the subsidy funding of the state to universities at 1% of GDP will make a major difference. At the moment, we are languishing at 0.6% and 0.7% of GDP.*

*Most importantly the Heher Report makes the suggestion that we should look towards a model where students entering university request a loan and enter into a relationship with SARS. They sign up to become taxpayers and they will only pay back the loan once they reach a particular income threshold.*

*This proposal enables immediate access to higher education in the country for anyone who is accepted into a university on merit. This should be facilitated by government bonds for higher education, and effectively through a graduate tax in a sense.*

*We are aware of several societies where this income contingent loan model works well. But the key issue is whether it will leave students highly indebted or not, and this will require further analysis.*

*Whatever is eventually implemented, the government must enable a long-term sustainable financial regime. What we don't want is a false start followed by cuts in funding to universities in future.*

*Any intervention must be sustainable in a way that will allow us to make universities stronger so that we can help enable inclusive development.*

Dames en here, ek sluit af waar ek begin het – met 'n verwysing na die belangrikheid van die **BANDE MET ONS BELANGHEBBENDES**. Vanaand se vergadering is die 36ste alumni-byeenkoms vanjaar. Daar was 17 in Suid-Afrika, en 19 in die buiteland: van Pretoria, Johannesburg, Port Elizabeth, Knysna, Upington en Ceres, tot Londen, Amsterdam, Brussel, München, New York, Washington, Hong Kong, Singapoer en Windhoek -- met nog so paar haltes tussenin.

Bykans 2 000 alumni – almal trotse oud-Maties – het hierdie geleenthede bygewoon, en oral is ek oorweldig deur hul geesdrif, positiwiteit en lojaliteit. Ek is ook beïndruk deur die impak van ons alumni waar hulle ook al in die wêreld is. Dis hoe ons Maties ken.

Waar ek gaan, nooi ek mense om ons Eeuwording volgende jaar saam met ons te gedenk – en ek rig ook graag daardie uitnodiging aan u. Hou gerus die Universiteit se webblad dop vir geleenthede. Maar ons sien veral uit na die jaarlikse **Tuiskoms- en Familienaweek aan die begin van Maart**, in die aanloop tot die Woordfees. Ek hoop om julle daar te sien!

Kom ons gaan saam vorentoe as 'n inklusiewe Matie-gemeenskap. Baie dankie. Thank you very much. Enkosi kakhulu.